LUCAS MEYER PRIMÊRE SKOOL

SKOOLREËLS

(Hersien en Aangepas: 2020)

Elke ingeskrewe leerling tot Lucas Meyer Primêre Skool onderwerp hom/haar aan die gedragskode van die skool. Elke leerling verteenwoordig bykans te alle tye die skool. Van elke leerling word lojaliteit gevra en optrede wat sodanig is dat dit nie slegs die leerling en sy/haar ouers nie, maak ook die skool tot eer sal strek. Die nakoming en toepassing van die skoolreëls moet altyd beskou word as 'n logiese toepassing en nastrewe van die skool se waardes, naamlik: Respek, verantwoordelikheid, selfbeheersing, dankbaarheid, genade en omgee vir mekaar, eerlikheid, orde, aanvaarding van gesag en hulp in krisis. Die volgende reëls is daar gestel om by te dra dat die Gedragskode gehoorsaam word:

1. ALGEMENE HOFLIKHEIDSREËLS WAT TE ALLE TYE VAN TOEPASSING IS

1.1 Van alle leerlinge word verwag om te alle tye die skool se waardes in hul handel en wandel uit te leef.

1.2 Alle leerlinge moet te alle tye bedagsaam en hoflik te wees.

1.3 Leerlinge moet opstaan en alle besoekers aan die skool, asook onderwyspersoneel en nie-onderwyspersoneel groet.

1.4 Alle billike opdragte van personeel, kantoorpersoneel en leerlingleiers moet stiptelik gehoorsaam word.

2. ALGEMENE SINDELIKHEIDSREËLS

2.1 Leerlinge moet te alle tye toesien dat hulle skoon en netjies is.

2.2 Die skoolterrein, geboue, kleedkamers en sportvelde moet skoon en netjies gehou word. Geen rommel mag gestrooi word nie.

2.3 Geen leerling mag verby rommel stap nie. Rommel moet opgetel en in die naaste vullishouer geplaas word.

2.4 Die kou van kougom word nie op die skoolterrein toegelaat nie, asook nie tydens enige skoolaktiwiteit nie.

2.5 Die kleedkamers en toilette op die skool- en sportterrein is vir die gebruik van personeel, leerlinge en besoekers. Die mans- en damesfasiliteite(seuns en dogters) soos aangedui op die deur/muur mag slegs deur die toepaslike geslag gebruik word. Persone van teenoorgestelde geslag mag nie mekaar se kleedkamers/toilette betree, besoek of gebruik nie.

3. ALGEMENE KLASKAMERREËLS

3.1 Aan die begin van elke klas staan leerlinge op en groet personeel.

3.2 Indien enige volwassene by 'n klas opdaag, staan leerlinge op en groet.

3.3 Reageer dadelik op 'n opdrag.

3.4 Geen leerling praat, staan op of loop rond gedurende periodes nie.

3.5 Leerlinge verlaat nie 'n klas voordat 'n personeellid hulle verdaag het of instruksie in die verband gegee het nie.

3.6 Geen skryfbehoeftes/toebehore mag by klasmaats geleen word, met of sonder toestemming nie. Leerlinge moet hulle eie skryfbehoeftes/toebehore gebruik.

3.7 Indien 'n leerling aandag wil hê, moet die hand opgesteek word.

3.8 Alle klasopdragte moet stiptelik en betyds voltooi word.

3.9 Elke leerling se gedrag moet sodanig wees dat dit nie steurend is en ander leerlinge se reg tot onderrig, ontneem nie.

3.10 Tydens aankondigings oor die interkom moet leerlinge stilbly en aandag gee.

3.11 Senior fase leerlinge (Gr. 4 - Gr. 7) mag gedurende onderrigtyd slegs buite die klaskamer wees indien hulle in besit is van 'n LMS-toestemmingskaart.

4. ALGEMENE REËLS VOOR SKOOL

4.1 Geen leerling mag die skoolterrein **voor 07:00** binnegaan nie.

4.2 Tasse en sakke mag voor skool netjies in 'n ry teen die muur by klasse geplaas word. Leerlinge moet daarna lik na die speelterrein beweeg.

4.3 Geen hardloopspeletjies word voor skool toegelaat nie.

4.4 Geen fietsry word binne die skoolterrein toegelaat nie. Fietse moet van en na die toegangshekke gestoot word.

4.5 Sodra die klok lui, moet leerlinge flink en stil na die aantree-area beweeg sonder om te hardloop.

4.6 Hande moet skoon wees voordat daar na die aantree-area beweeg word.

5. ALGEMENE REËLS GEDURENDE POUSE

5.1 Leerlinge moet ordelik en flink die klasse ontruim en na die onderskeie speelterreine, die snoepie of mediasentrum beweeg.

5.2 Geen balspele word op die stoepe of tussen geboue toegelaat nie.

5.3 Leerlinge mag slegs op aangewysde speelterreine speel:

Gr. 4 - Gr. 7 seuns:	Velde in Boerenstraat oorkant die skool.
Gr. 4 - Gr. 7 dogters:	Netbalvelde langs die kleuterskool.

Gr. 1 - Gr. 3: Terrein by die klimapparaat en grasperk tussen juniorblok en kleuterskool op alternatiewe dae vir seuns en dogters. Gr. 3-seuns beweeg in die 4de kwartaal oor na die velde in Boerenstraat saam met die Gr. 4 - Gr. 7 seuns.

5.4 Geen leerling mag gedurende pouses of enige ander tyd die skoolterrein verlaat sonder toestemming van 'n personeellid nie.

5.5 Twee klokke dui die einde van pouses aan. Sodra die eerste klok lui moet alle aktiwiteite gestaak word en moet leerlinge na toilette/waskamers, of die aantreepunt beweeg. Toilette moet gebruik word en hande moet gewas word. Sodra die tweede klok lui moet leerlinge reeds by die aantreepunt wees en in rye staan.

5.6 Tydens aantreetyd moet leerlinge in klasrye staan, stil en ordelik. Geen gepratery nie.

5.7 Na afkondigings, verdaag leerlinge ordelik **in rye** na hulle klasse toe sonder om te gesels. Hierdie reëling geld ook wanneer klasse gewissel word, of wanneer daar vanuit die saal verdaag word.

5.8 Leerlinge mag nie by die skool, afgesien van amptelike sportoefening, enige vorm van kontaksport beoefen nie.

DOGTERS	SEUNS
* Swart Skoolbaadjie met geborduurde skoolwapen op sak. * Emerald groen Tetrex oorrok met skoolwapen. (Lengte: Rok nie meer as 10cm vanaf grond indien op knieë staan). * Wit kortmou oopslaan hemp. * Emerald groen enkelkouse (omgevou). * Bottelgroen moulose trui met ingeborduurde wapen. * Bottelgroen V-nek trui (langmou) met ingeborduurde wapen. * Swart sykouse (indien die weer dit regverdig). * Swart skoolskoene (gespe of veters). * Sweetpak: Bottelgroen met swart en oranje koord. * Sportdrag: Swart sport-tipe broek met voorgeskrewe groen en oranje sporthemp, asook oorwegend wit tekkies (sover moontlik) met wit kouse. Geen "secret socks" of kouse met embleme op nie. <u>Let Wel</u>: * Indien sweetpak gedra word, moet 'n swart kortbroek onder die sweetpakbroek gedra word. * Die sweetpak moet te alle tye volledig gedra word (broek en baadjie tegelyk) * Indien "ski-pants" onder skoolrok of kortbroek gedra word, mag dit nie uitsteek nie.	Swart Skoolbaadjie met geborduurde * skoolwapen op sak. * Wit hemp met ingeborduurde sakwapen. * Grys kort- of langbroek. * Grys kouse met groen, swart en goue strepe. * Swart skoolskoene met veters. * Bottelgroen moulose trui met ingeborduurde wapen. * Bottelgroen V-nek trui (langmou) met ingeborduurde wapen. * Sweetpak: Bottelgroen met swart en oranje koord. * Sportdrag: Swart sport-tipe broek met voorgeskrewe groen en oranje sporthemp, asook oorwegend wit tekkies (sover moontlik) met wit kouse. Geen "secret socks" of kouse met embleme op nie. <u>Let Wel</u>: * Indien sweetpak gedra word, moet 'n swart kortbroek onder die sweetpakbroek gedra word. * Die sweetpakbroek moet te alle tye met die baadjie gedra word (broek nooit sonder baadjie nie). * Indien "ski-pants" onder kortbroek gedra word, mag dit nie uitsteek nie.
Tydens die winterseisoen kan bottelgroen handskoene en serpe gedra word. Geen musse of "beanies" nie. Slegs effekleurige (wit) onderhemde mag gedra word en mag nie sigbaar wees nie.	

6. REËLS MET BETREKKING TOT VOORKOMS

Die kleredrag- en voorkomsreëls sal streng toegepas word. Reëls is daar om orde, dissipline in die algemeen, 'n trots by die leerlinge en netheid te bevorder en nie om doelbewus uitgedaag te word nie. Wanneer ouers/voogde hul kinders by die skool registreer gee hulle ook erkenning aan hul verantwoordelikheid ten opsigte van die nakoming van skoolreëls en hul bereidheid om die skool met die toepassing van reëls by te staan. Vir enige afwyking van die kleredrag- en voorkomsreëls moet die skoolhoof skriftelik in kennis gestel word.

6.1 Die skooluniform en sportdrag, soos voorgeskryf, is die enigste drag wat onder normale omstandighede by die skool toegelaat eord.

6.2 Skooldrag en sportdrag moet netjies en skoon wees.

6.3 Die skooldrag is tans:

6.4 Juweliersware wat toegelaat word is:

- Horlosie met eenvoudige bandjie (nie gekleur nie). Nie "juwelierstipe" horlosies nie. Geen "slim" horlosies wat as 'n kommunikasiemiddel gebruik kan word nie.
- By dogters oorringetjies/"studs". Oorringetjies/"studs" mag slegs aan die oorlel gedra word - slegs een per oor. Die ringetjies/"studs" moet silwer of goudkleurig wees sonder enige toevoegings, steentjies of ontwerpe op.
- Slegs mediese waarskuwingstekens mag as armbande gedra word. **Geen** ander armbande word toegelaat nie.
- Geen ringe aan vingers, neusringe/"-studs", toonringe en naeltjieringe/"studs" word toegelaat nie.

6.5 Geen grimering of "lip gloss" of gekleurde lipsalf mag aangewend word nie. Die kleur van ooghare/wenkbroue is nie toelaatbaar nie.

6.6 Die volgende reëls geld vir hare:

- Geen vreemde, ekstreme haarstyle is toelaatbaar nie. Die finale diskressie ten opsigte van vreemde, ekstreme haarstyle berus by die skoolhoof in samewerking met die Skoolbeheerliggaam.
- Hare moet skoon wees en netjies vertoon.
- Die kleur van hare is nie toelaatbaar nie. Geen "highlights" is toelaatbaar nie.
- Permanente golwing is nie toelaatbaar nie.
- Dogters se hare mag nie aan die kraag raak indien dit los is nie. Indien wel, moet dit vasgemaak word. Lang hare moet netjies vasgemaak word.
- Haarrekkies en haarknipsels mag slegs die volgende kleure wees: Emerald- of bottelgroen, oranje en swart.
- Geen sierknippe, haarversiersels, linte, blomme of gevlegde bandjies in die hare nie.
- Swart of groenkopbande wat nie breër as 3cm is nie, mag gedra word.
- Seuns se hare mag nie aan die ore of kraag raak nie.
- Seuns en dogters se kuiwe mag nie oor die oë hang nie.
- Daar mag geen defnitiewe lyn in die haarsnit van seuns of dogters wees nie. Die oorgang van kort na lank moet dus egalig wees, so ook die oorgang van lank na kort.
- Geen stileermiddels mag gebruik word nie.
- Die seuns en dogters se haarstyle moet van so aard wees dat dit die skool se goeie beeld, uniform en voorkoms komplimenteer.

6.7 Naels moet skoon en kort gehou word. Geen naellak is op vinger- en toonnaels toelaatbaar nie.

6.8 Leerlinge dra gewone klere ("siwwies") slegs wanneer die hoof toestemming daartoe gegee het en op 'n Vrydag nadat hulle verjaar het. Die volgende reëls geld:

- **GEEN** kaalvoete nie.
- Nie skoene met hoë hakke nie.
- Geen pette of hoede nie.
- Grimmering, oorringetjies en hare volgens normale skoolreëls.
- Toppies/hemde moet lank genoeg wees sodat maag nie uitsteek of sigbaar is nie.
- Kortbroekies en rokke se lengte moet sindelik wees en nie 'n verleentheid wees vir ander leerlinge nie.

6.9 Provinsiale kleure/drag mag op Vrydae gedra word. Normale skoolreëls geld vir grimmering en hare.

6.10 Slegs amptelike balkies, kentekens en toekennings van die skool mag gedra word.

6.11 Leerlinge mag nie met hulle hande in broek- of baadjiesakke loop, staan of sit nie.

7. REËLS MET BETREKKING TOT KOMMUNIKASIE

7.1 Skriftelike briewe en kennisgewings moet betyds aan ouers/voogde gegee word.

7.2 Antwoordstrokies en terugvoering moet betyds ingehandig word.

7.3 Leerlinge mag nie selfone of enige ander vorm van elektroniese kommunikasiemiddel (soos "slim"-horlosies) skool toe bring nie.

7.4 Die skool se telefoon mag slegs in spesiale of noodgevalle gebruik word. Vergete klere/voedsel/huiswerk/boeke, ens. is nie 'n spesiale- of 'n noodgeval nie.

7.5 Ouers en leerlinge moet hulle van die skool se Beleid oor Inligtingstelsels en Sosiale Media vergewis en aan die bepalings daarvan gehoor gee.

7.6 Onder baie spesiale omstandighede kan ouers skriftelik versoek en motiveer waarom 'n leerling 'n selfoon of ander kommunikasietoestel skool toe moet bring. Indien toegestaan, mag hierdie toestel glad nie sigbaar wees nie en mag ook nie gebruik word nie, anders as vir die doel waarvoor die versoek toegestaan was.

8. ALGEMENE VEILIGHEID

8.1 Padveiligheidsreëls moet stiptelik deur ouers en leerlinge toegepas word, veral met betrekking tot die aflaai en oplaai van leerlinge.

8.2 Leerlinge moet betyds en stiptelik afgehaal word na skool en na ander skoolaktiwiteite. Leerlinge se veiligheid na afloop van die skooldag en na afloop van ander aktiwiteite bly ouers se verantwoordelikheid.

Aanvaar op: 02-06-2020

Geteken: _____

Voorsitter: Beheerliggaam